| 25 September | NG Gemeente Kogelberg | 2026 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



**SONDAG 27 SEPTEMBER 2026 SE EREDIENSTE:**

**09:00**
**Hangklipkerk**
Heinrich Carstens
**Eksodus 17:1-7**

**09:00**
**Kleinmondkerk**
Stephan Naudé
**Eksodus 17:1-7**

LIG | DEERNIS | HOOP







LIVE

Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai.

https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

YouTube

# Deuroffers


Sondag 27 September
se deuroffers gaan
vir ons gemeente se
Gasvryheidsbediening


Sondag 4 Oktober
se deuroffers gaan
vir ons gemeente se
Vrouebediening
Kogelbergvrou


Sondag 11 Oktober se
deuroffers gaan na
Zimbabwe/Malawi/Mosambiek

# Program vir die week

## 28 Sep - 7 Oktober 2026

## Maandag 28 September

**11:30** Preekwerksgroep (Kapel)

**17:30** Kleinmond Wyksraad

Erfenisdag

Braaifees

*Baie dankie vir elkeen se bydrae!*

## Woensdag 30 September

**17:00** Dissipelskap Reisgenote (Hangklipkerk)

**18:30** Dissipelskap Reisgenote (Kleinmondkerk)

## Donderdag 1 Oktober & Vrydag 2 Oktober

Jeug- en familiekamp

**Kleinmond Kampterrein**

## Sondag 4 Oktober

**09:00** Erediens Hangklipkerk

**09:00** Gesamentlike Erediens Kleinmondkerk

## Maandag 5 Oktober

**11:30** Preekwerksgroep (Kapel)

**17:30** Hangklip Fondsevergadering

## Dinsdag 6 Oktober

**09:00** Hangklipgebedsgroep

**11:00** Gerimed Gebedsgroep

**14:00** KK & K

**16:30** Kleinmond Gebedsgroep

**17:30** Bid vir Sendelinge

## Woensdag 7 Oktober

**09:00** Normaalklas

**09:00** Koördineringsverg. 2027

**11:00** Dagbestuur

**15:00** Hangklip Wyksraad

**17:00** Dissipelskap Reisgenote HK

**18:00** Rusplek

**18:30** Dissipelskap Reisgenote KM

So kan jy 'n finansiële bydrae maak tot ons gemeente se bedieninge:

**Bankbesonderhede**
**ABSA**
**NG Kerk Kleinmond**
**3220 150 320**

SnapScan

# INTREKKERS (NUWE)

*welkom*

**Jurien Strydom** van Rant-en-Dal **(Sa2)**

**Gerda Johanna Scheffer** van Pierneef **(Ba1b)**

Mag julle geseënd en gelukkig wees in ons gemeente.
Mag julle voorwaar 'n geestelike tuiste hier by ons vind.

## KERKKANTOOR*ure*

| Maandag - Vrydag | 10:00 - 13:00 |
|---|---|

**KONTAKBESONDERHEDE**

Telefoon: 028 271 3470
E-pos: info@ngkogelberg.co.za
Whatsapp: 076 134 7157

DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN
LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG
ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA

# Gebedsinisiatief met die oog op die verkiesing van 5 November

Een van die belangrikste gebeure tydens die tweede Wêreldoorlog was die ontruiming van 338000 Britse soldate tydens die “Battle of Dunkirk” in die Noorde van Frankryk.

Die soldate was geïsoleer en om te ontvlug uit die situasie was menslik gesproke onmoontlik. Indien Duitsland daardie soldate sou gevange neem of doodmaak, sou dit aan hulle die oorwinning gegee het want selfs Brittanje sou dan moes oorgee.

Maar wat Hitler nie geweet het nie, was dat daar ‘n groep intersessors was wat vir weke voor die tyd en veral in die krisis uur hulle voor God verootmoedig het en gebid het vir uitkoms.

Tussen die 26e Mei en 4 Junie 1940 is die soldate gered deur die Britse vloot en honderde siviele bote, groot en klein het gehelp. Die weer en water omstandighede was perfek

‘n Wonderwerk het gebeur! Selfs Sir Winston Churchill het in sy openbare toespraak na die ontruiming van die soldate erkenning gegee aan God en die voorbidders wat in die gaping gestaan het in Brittanje se uur van nood.

Met die Munisipale verkiesing oor ses weke, is dit ons voorreg en verantwoordelikheid om as gelowiges ook in die gaping te staan en te bid vir ‘n vry en regverdige verkiesing. Ons mag nie die krag van gebed onderskat nie.

Ek gaan vir die volgende paar weke riglyne gee van spesifieke sake waarvoor ons kan bid. Jy kan op jou eie bid of saam met iemand.

Hierdie week se gebedsfokus is: ***Verootmoediging voor God, bely ons afhanklikheid van God en erken Hom as die Een wat konings afsit en konings aanstel (Daniël 2:20-21)***

Groete

*Hendrik Saayman*

‘n Avontuur vir die hele familie.

# NGK KOGELBERG

# JEUG- en FAMILIEKAMP

**1 & 2 OKTOBER**







Aktiwiteite en vermaak vir die jeug gedurende die dag (08:00-17:00). Volwassenes sluit aan by die aandprogram & kamp ook saam met die kinders as familie.

**INFO/ REËLS**

**R200** per kind per dag

**KLEINMOND KARAVAANPARK**

**Tentstaanplek R420/nag** *4 persone

- Die aktiwiteite en aanbiedinge fokus op Leerders 10 tot 17 jaar.
- Kinders slaap by hul ouers/ grootouers in hul eie tent/ karavaan.
- Ouers/ grootouers is verantwoordelik vir die kinders na afloop van die dagprogram (08:00-17:00).
- Dagbesoekers (indien kinders se ouers nie saam kamp nie) is ook welkom vanaf 08:00 tot 17:00.
- Dagbesoeker (volwassenes & kinders) is welkom om Donderdagaand se spesiale program by te woon vanaf 18:00 tot 21:00.
- Families is verantwoordelik vir hul eie aandete Vrydagaand (ons gaan braai) en ontbyt Saterdagoggend.
- Bring saam: klere (onthou jou baadjie en swembroek), badtassie,
- handdoek, stapskoene, warm beddegoed, eetgerei en 'n flits.
- Geen selfone word gedurende die dagprogram toegelaat nie.

Navrae: info@ngkogelberg.co.za

Bespreek jou plek

# *"So bid ouers vir hulle kinders"*

Hemelse Vader,U is die God wat ek altyd loof. Ek bring my kinders vandag voor U en vra dat U as hul Regter en Beskermer sal optree.

Beskerming teen leuens:
Here, die wêreld is vol vals beskuldigings.  Ek bid volgens Psalm 109 dat geen leuen of onreg teen my kinders sal standhou nie. Bewaar hulle teen mense wat skinder en wat hulle sonder rede haat.

Geregtigheid en Verlossing:
As my kinders deur uitdagings of teëspoed gaan, wees hulle genadig en hoor hulle gebede!  Staan aan hulle regterhand Here, om hulle te help. Red hulle om U naam ontwil en asseblief ook as gevolg van U groot liefde en genade.Keer die vloek in 'n seën: Waar ander dalk slegte dinge oor my kinders wens of spreek, bid ek dat U dit in 'n seën sal verander. Laat U guns op hulle rus sodat hulle sal floreer, selfs te midde van teëstand.

Hulle binneste en identiteit:
Skenk aan hulle 'n diepe vrede wat alle verstand te bowe gaan. Vul hulle harte met U waarheid sodat hulle vas sal staan in wie hulle is in Christus. Dankie dat U my gebed verhoor en dat my kinders se toekoms veilig in U hande geanker is.

In Jesus se naam.
Amen.

# Die Getuienisaksie vra:
# Voorbidding vir hierdie naweek, asseblief.

Ons gemeente se sendeling in Rundu, André van Niekerk, werk al 21 jaar lank daar. Sy bediening word genoem Mbudi Zongwa (Goeie Nuus). Hy werk in die hele noordelike gebied onderkant die Kavangorivier.




Hy is genooi om hierdie naweek die hoofspreker te wees by ‘n konferensie vir mans. Meer as 350 deelnemers word verwag.

Van Donderdag tot Saterdag verduidelik hy aan die groep wat Jesus kom doen het, wat sonde is, en hoe ‘n mens by Jesus vergifnis vra. Dit beteken hy verduidelik God se hele verlossingsplan, asook die werk van die Heilige Gees in ons lewens.

Dit kan ‘n groot impak hê op die lewens van mans en hulle gesinne in die hele noordelike gebied van Namibië.

Hy vra dat ons asseblief hiervoor bid.

# Ons deel ons tafels met ander



Ons wil lidmate uitnooi om in die volgende 6 weke hulle tafels met ander te deel. Span saam met ‘n bekende en nooi ‘n vreemdeling(e) uit om by julle te kom eet. Hierdie vreemdeling(e) kan iemand in die gemeente wees wat jy nie goed ken nie, maar ook iemand wat jy glad nie ken nie vanuit die gemeenskap.
Volg die onderstaande skakel vir meer inligting:

https://ngkogelberg.co.za/wp-content/uploads/2026/09/2026-09-10-Table-Theology-Mikal-Barnes-Phumulani-Ngwenya.pdf

In November gaan ons dan getuienisse van hierdie ervarings met mekaar deel.

# Geloofsvorming




# 1&2 Oktober



# Maandag




# Woensdag









**Vriende van Kerkbode**

Beskerm betroubare nuus in die kerk en bevorder góéie geloofsgesprekke saam met Kerkbode, die blad waarop jy kan staatmaak in 'n veranderende wêreld...

Hangklip

# KUIERBASAAR

## 7 NOVEMBER 09:30 -13:00

Ons het vrywilligers nodig om te help.

Gee jou naam op by Reinier 082 883 1135.

# Hangklip Plante



**Het jy leë potte of plantekwekers wat rondstaan en stof vergader? Bring dit asseblief na die kerk vir die Kuierbasaar!**

Vir meer inligting kontak Adele by 074 760 5305

# ERFENISDAG 24 SEP













# ERFENISDAG 24 SEP





# ERFENISDAG 24 SEP















# ERFENISDAG



## 24 SEP









# ERFENISDAG



## 24 SEP






24 SEP
ERFENISDAG
FEURICH

# Veels geluk...




## Saterdag 26 September

Anette Bester 082 334 3629 (Sb1)

Hubert Bock 082 572 1403 (KB1)

Thomas Bolton (HK3)

Martin Groenewald 072 638 2055 (Bb1)

Theuns Henn 074 102 6687 (KB1)

Heidi Hickley 083 348 1782 (KB1)

Reinier Lombaard 082 883 1135 (PB2b)

Dawn Scholtz 082 630 7108 (Sa1

## Sondag 27 September

Gerrit Coetzee 082 590 6486 (HK3)

Reyno Olivier 083 611 9329 PB3)

Yvonne Olivier 084 468 5444 (Ba2)

Steven Sass 072 352 8347 (BB4)

## Maandag 28 September

Johan Gericke 083 294 2997 BB5)

Anita Hattingh 083 415 5114 (Sa2)

Frans Kotze (BB3)

## Dinsdag 29 September

Suzette Neethling 082 429 2938 (Bb1)

Jankle Nel (BB2)

Tielman Nieuwoudt 082 898 3078 (PB1)

## Woensdag 30 September

Antonette Burger 084 904 0339 Sc2)

Gerda de Beer 083 415 3009 (HK1)

Denise de Jager 084 666 3040 (Sc2)

Pieter Jacobs 082 676 4311 (Sb2)

Ronel le Roux 082 652 4309 (Ba3)

Johan Pretorius 082 781 3639 (Sa1)

Sonja Viljoen 072 931 9760 (Sc4)

## Donderdag 1 Oktober

Petro Beukes (Ba3)

Ella Fourie 082 895 3429 (BB6)

Erna Robbertse 082 871 3113 (BB1c)

Esmari van der Merwe 084 847 3801 (KB2)

## Vrydag 2 Oktober

Esmé Coetzee 083 663 3635 HK3

Louw Erasmus 082 894 0904 (KB1)

Johann Marais 084 588 4405 (HK3)

Herman Maree 083 320 8327 (Bb3)

## Saterdag 3 Oktober

Leon Labuschagne 082 769 4961 (KB4)

## Sondag 4 Oktober

Essie Groenewald 082 379 4713 (KP1)
Sarie van Rooyen 083 507 9234 (Bb4)
Rentia Williamson 083 655 8251 (BB3)

## Maandag 5 Oktober

Coenraad Smit 083 298 1398 (Sb2)
André Theron 076 903 8271 (KB5)
Cecilia Vermeulen 082 679 5990 (BB1a)

## Dinsdag 6 Oktober

Piet Crous 082 578 9859 (BB5)
Chrisjan Cruywagen 082 870 5314 (Sb3)
Alet Mostert 083 708 5070 (Ba2)
Anna van Heerden 082 558 7683 (KB5)



Veels geluk...

## Woensdag 7 Oktober

Etienne de Villiers 079 499 6614 (PB1)
Bernie Deacon 084 517 9656 (KB5)
Gideon Hugo (Ba2)
Koos Uys 083 297 7056 (KB5)
MC Venter 084 395 4915 (HK3)

## Donderdag 8 Oktober

Merien Ackerman 084 549 3532 (Sb4)
Gerhard Booysen 083 609 8776 (Sa4)
Gerhard Booysen 082 303 6172 (Ba2)
Jana Colyn (Sc1)
Mavis du Plessis 082 934 0750 (PB2b)
Janwick Hattingh 025 319 7537 (BB5)
Annamarie Nel 072 304 6069 (KB6)
Chrissie Zwiegelaar 072 572 5595 (Sb4)

## Vrydag 9 Oktober

Leatitia Bock 082 739 0110 (KB1)
Alexander Carstens (Sb4)
Abrie Conradie 084 508 2025 (PM3)
Alida Cruywagen 082 357 1883 (KB1)
Annie Fourie 084 800 4001 (BB2)
Peter Müller (Sa3)
Bibi Schmidt (Sc4)
Joanie Visser 073 339 7445 (KB3)

Gemeenskaps-

# DAGBOEK




